



# Hoërskool Sand du Plessis

POSBUS 32015  
FICHARDTPARK  
9317

PASTEURRYLAAN  
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071  
✉ admin@sannies.co.za  
2020.08.04

Geagte Sanniesouers en leerders

## HEROPENING VAN SKOLE VIR GR 8-11

Die skool het aansoek by die Departement van Onderwys gedoen dat ons vroeër as die gepubliseerde datums van (24 en 31 Augustus) met gr 8-11 mag begin en wel as volg:

- Gr. 10-11: Dinsdag, 11 Augustus 2020
- Gr. 8: Maandag, 17 Augustus 2020
- Gr. 9: Dinsdag, 18 Augustus 2020

Dit is absoluut noodsaaklik dat alle leerders so spoedig moontlik na die skoolbanke moet terugkeer. Ons doen alles in ons vermoë om dit reg te kry. U sal onmiddellik van enige verdere verwikkelinge ingelig word.

## AANSOEK VIR TYDELIKE VRYSTELLING VAN SKOOLBYWONING DEUR SPESIFIEKE LEERDERS

Die Minister van Onderwys het regulasies uitgevaardig waarvolgens ouers/voogde kan aansoek doen vir gedeeltelike of volledige vrystelling van skoolbywoning gedurende die nasionale ramptoestand. Die redes is onder andere:

1. Mediese toestande van die leerders, insluitende ko-morbiditeite.
2. Angs en vrees verwant aan Covid-19, besorgdheid oor familieledede wat ouer as 60 is en besorgdheid oor familieledede wat ko-morbiditeite het.
3. Ander gevalle soos omskryf in die regulasies.

Die volledige stel regulasies sal saam met hierdie brief op die skool se webwerf geplaas word. Die aansoekvorm is by die skool beskikbaar en moet vergesel word van die relevante mediese dokumentasie en redes vir die aansoek vir vrystelling. Leerders waarvoor daar toestemming gegee is, sal dus tuis kan bly en kan voortgaan met hulle akademiese program, gegewe die voorwaardes soos gestel in die direktiewe. Formele assessering sal nog steeds by die skool gedoen moet word. Leerders wat vir 10 of meer aaneenlopende dae afwesig is, sal van die skoolrol verwyder word en sal hulle graad in 2021 moet herhaal. Aansoeke sluit Vrydag, 7 Augustus 2020.

## BETALING VAN SKOOLGELDE

Baie dankie aan die ouers wat maandeliks hulle verantwoordelikheid teenoor die skool nakom deur getrou skoolgelde te betaal.

Ek doen hiermee 'n ernstige beroep op alle ouers om dringend alle uitstaande skoolgelde te betaal. Ons skool is tans in 'n geweldige finansiële krisis as gevolg van baie ouers wat tans nie hulle kinders se skoolgelde betaal nie, vir verskeie redes. Die skool se begroting is reeds tot op die been gesny, maar ten spyte hiervan het ons in Juliemaand met 'n kontantverlies R 128 000 afgesluit. Die skool se klein reserwefonds is ook reeds byna uitgeput.

Die Beheerliggaam sal dit in die volgende weke moet oorweeg om onderwysers wat deur die Beheerliggaam betaal word, se salarisse drasties te sny of selfs onderwysers af te dank. Dit sal 'n geweldige invloed op elke leerder se akademiese vordering vir 2020 en daarna hê. Goed gekwalifiseerde en ervare onderwysers is baie skaars en ons kan dit nie bekostig om tot soveel as 8 onderwysers te verloor nie.

Die bestuurspan en onderwysers van Hoërskool Sand du Plessis het alles moontlik gedoen om te verseker dat onderrig en leer by ons skool gedurende die grendeltyperk plaasvind. Ons het egter geen beheer gehad oor die onverwagse sluiting van die skole op 24 Julie nie. Ons doen ook nou alles in ons vermoë om te verseker dat ons leerders so spoedig moontlik kan terugkeer na die skool toe.

Die skool het onder andere die volgende vaste maandelikse uitgawes wat betaal moet word, of die skool oop of gesluit is:

- |  |           |
|--|-----------|
| 1. Salarisse:                                    | R 195 000 |
| 2. Fotostaatmasjiene:                            | R 20 000  |
| 3. CCTV-kameras:                                 | R 10 000  |
| 4. Korttermynversekering:                        | R 12 000  |
| 5. Mangaung en Centlec:                          | R 20 000  |
| 6. Instandhouding en petrol                      | R 22 000  |
| 7. Diverse kleiner uitgawes                      | R 40 000  |
| 8. Adhoc uitgawes:<br>(Papier, ouditfooie, ens.) | R 50 000  |

**TOTAAL R 370 000**

Hierdie syfers impliseer dat sowat 255 leerders se skoolgelde, van R 1450 per maand, maandeliks betaal moet word sodat ons nie 'n verlies lei nie. Die skool is verder, volgens die SA Skolewet, verplig om skoolfondsvrystelling toe te staan aan ouers wie se inkomste onder 'n sekere drempel is. Vanjaar is die aansoeke van sowat 165 leerders reeds goedgekeur ten bedrae van R 2.63 miljoen. Die Departement van Onderwys betaal sowat R 120 000 van hierdie R 2.63 miljoen volgende jaar in Oktober aan ons terug!

Die Covid-19 krisis het verder veroorsaak dat fondsinsamelinggeleenthede soos die Gholfdag (R 50 000) en die Revuefees (R 200 000) nie kon plaasvind nie. Ek vertrou dat bogenoemde feite u sal oortuig dat ons tans in reuse finansiële moelikheid is en dat ons die ondersteuning van elke ouer/voog dringend benodig.

**U kan skoolgelde by die skool kom betaal indien dit nie vir u moontlik is om 'n elektroniese betaling te maak nie.**

**BANKBESONDERHEDE:**

Hoërskool Sand du Plessis  
Standardbank  
Tjekrekening: 041 911 741  
Takkode: 055 534

Vriendelike Sanniesgroete



Willem du Buisson  
Skoolhoof

EK GLO

1970 - 2020